SLEGS VIR DIEREGEBRUIK

# MAXITET-LA

Reg. Nr. G3580 Wet 36/1947
NS0 V05/17.1.2/294 Wet 13/2003

## LANGWERKENDE INSPUITBARE OPLOSSING.

**BERGINGSAANWYSINGS**
Berg in 'n koel plek.

**SAMESTELLING**
Elke I mℓ bevat Oksitetrasiklienhidrochloried 230 mg.

**AANDUIDINGS**
MAXITET LA is vir die behandeling en beheer van siektes veroorsaak deur, of wat verband hou met organismes wat vatbaar is vir oksitetrasiklien. Die langwerking daarvan is aanbeveel war vir veterinêre, praktiese of ekonomiese redes dit onmoontlik of ongewens is om diere meer dikwels te hanteer en te behandel.

**WAARSKUWINGS**
**Alleenlik vir gebruik by beeste, skape, bokke en varke.**

- MOENIE BEHANDELDE DIERE BINNE 28 DAE NA LAASTE BEHANDELING VIR MENSLIKE VERBRUIK SLAG NIE.
- MOENIE MELK VIR MENSLIKE VERBRUIK BINNE 5 DAE NA LAASTE BEHANDELING GEBRUIK NIE.
- MOENIE MAXITET LA OP DIESELFDE DAG BY VARKIES SPUIT AS WAT HUL MET YSTER INGESPUIT IS NIE
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie middel breedvoerig onder 'n wye verskydenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

**GEBRUIKSAANWYSINGS** – GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI
**Toediening**
Inspuiting in die nek word aanbeveel bo inspuiting in die kruis omdat dit geneig is om hoër antibiotikum bloedvlakke te gee en minder weefsel skade. Spuit diep in vleserige deel van die spier in. Tydelike ongemak na binnespierse inspuiting mag voorkom. Massering van die plek van inspuiting sal die ongemak verminder en help met die verspreiding van die antibiotikum by die plek van inspuiting.

**Dosis en Aanduidings:**
MAXITET-LA is vir enkele binnespierse inspuiting ontwerp wat teen 1 mℓ / 10 kg liggaamsmassa 'n dosis van 23 mg Oksitetrasiklienhidrochloried per kg liggaamsmassa lewer. As die produk binneaars gebruik word sal geen langwerkende effek gehandhaaf word nie.

| Dier | Siekte | Dosis |
|---|---|---|
| Beeste | Bosluisoorgedraagde galsiekte (Anaplasmose), hartwater, vrotpootjie, longontsteking, naelstringsiekte en septiese gewrigsontsteking | 1 mℓ / 10 kg liggaamsmassa. Nie meer as 20 mℓ per inspuitplek. |
| Skape en bokke | Hartwater, vrotpootjie, longontsteking, naelstringsiekte en septiese gewrigsontsteking | 1 mℓ / 10 kg liggaamsmassa. Nie meer as 5 mℓ per inspuitplek. |
| Varke | Vrotpootjie, longontsteking, naelstringsiekte en septiese gewrigsontsteking | 1 mℓ / 10 kg liggaamsmassa. Nie meer as 10 mℓ per inspuitplek. |

Dit word verkies dat varke onder 10 kg onderhuids ingespuit word. Hierdie roete word nie aanbeveel vir ander rasse nie omdat dit swelling kan veroorsaak.

Normaalweg is een inspuiting voldoende om bogenoemde siektes te behandel. 'n Tweede inspuiting 72 uur (3 dae) na die eerste inspuiting mag gegee word indien nodig. Vir volwasse diere word dit aanbeveel dat die dosis verdeel word en op twee plekke ingespuit word.

**L.W.** Vir vinnige herstel is 'n spoedige en akkurate diagnose noodsaaklik. Dit is dus altyd raadsaam om u veearts vir 'n korrekte diagnose te raadpleeg. Soos met alle oksitetrasiklien oplossings mag verdonkering gedurende gebruik voorkom sonder om die effektiwiteit te affekteer.

KYRON

***Registrasiehouer:*** *Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika, Tel: 0861 247 463.*

KAH/INS101/2023/2